Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SLEGS die vrae oor die toneelstukke wat jy bestudeer het.

2. Jy het 15 minute leestyd voor die eksamen begin.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:
   AFDELING A: 30 punte
   AFDELING B: 40 punte
   AFDELING C: 40 punte
   AFDELING D: 20 punte
   AFDELING E: 20 punte

4. AFDELING A is VERPLIGTEND.
   VRAAG 1: Teater van Realisme

5. AFDELING B is VERPLIGTEND.
   VRAAG 2: Suid-Afrikaanse Teater

6. AFDELING C: Kontemporêre Pan-Afrika teater OF
   Elizabethaanse Teater OF
   Teater van die Verre-Ooste OF
   Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
   Ekspressionistiese Teater
   Beantwoord slegs die vraag van die toneelstuk wat jy bestudeer het.
   VRAAG 3: Kontemporêre Pan-Afrika Teater (KEUSE-VRAAG) OF
   VRAAG 4: Elizabethaanse Teater (KEUSE-VRAAG) OF
   VRAAG 5: Teater van die Verre-Ooste (KEUSE-VRAAG) OF
   VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater (KEUSE-VRAAG) OF
   VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater (KEUSE-VRAAG)

7. AFDELING D is VERPLIGTEND.
   VRAAG 8: Teatergeskiedenis

8. AFDELING E: Praktiese werk en refleksie.
   Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.
   Antwoord SLEGS EEN van die volgende vrae:
   VRAAG 9: STEMWERK OF
   VRAAG 10: LEWENDIGE OPVOERING OF
   VRAAG 11: ROL VAN DIE REGISSEUR OF
   VRAAG 12: ROL VAN DIE ONTWERPER

9. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

10. Let op die aantal punte aan elke vraag toegeken om die lengte van jou antwoorde te bepaal.

11. Gebruik jou kennis van die vak, asook jou eie onafhanklike en kreatiewe idees, om die vrae te antwoord.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Trek ŉ lyn na elke vraag.

## AFDELING A: TEATER VAN REALISME

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**Neem kennis**: Kies telkens ŉ ander toneelstuk vir elke vraag wat jy beantwoord.

## VRAAG 1: TEATER VAN REALISME

Beantwoord hierdie vraag oor die *Teater van Realisme*-toneelstuk wat jy bestudeer het.

Let asseblief daarop dat jou keuse van teks om hierdie vraag te beantwoord, nie weer in enige ander opvolgende vraag wat volg gekies kan word nie, byvoorbeeld, as jy kies om hierdie vraag (VRAAG 1) te beantwoord op ŉ Suid-Afrikaanse toneelstuk, dat jy nie VRAAG 2 oor dieselfde toneelstuk kan beantwoord nie. Elke vraag moet op ŉ **ander toneelstuk** wat jy hierdie jaar bestudeer het, beantwoord.

> In reaksie op ŉ veranderende samelewing het nuwe teatervorme begin ontwikkel teen die middel van die 1800's. Die eerste van hierdie nuwe vorme, *Realisme*, is gelei deur Eugene Scribe (1792–1861). Wat veral vir Scribe van belang was was die intrige. Hy het ŉ struktuur onwikkel wat bekend geraak het as die goed-gemaakte toneelstuk (*well-made play*).
>
> [Via Africa, *Dramatic Arts, Grade 11, Learner's Book*]

Lees die bogaande stelling versigtig deur en beantwoord dan die volgende vraag.

Skryf ŉ opstel van ongeveer 3 tot 4 bladsye waarin jy die **dramatiese struktuur** van die *Teater van Realisme*-teks wat jy hierdie jaar bestudeer het, bespreek. Verwys na Scribe se idee van die 'well-made play'. Hoe ondersteun hierdie struktuur die oordra van die **tema** in die toneelstuk?

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER (VERPLIGTE VRAAG)

NEEM KENNIS: Kies 'n ander toneelstuk vir elke vraag wat jy beantwoord.

2.1 Gee die naam en dramaturg van die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. (2)

2.2 Kan die toneelstuk wat jy bestudeer het as Agitprop-teater gesien word? Motiveer jou antwoord deur na jou toneelstuk te verwys. (5)

2.3 Beskryf die teater-ruimte wat jy sou gebruik om 'n produksie van hierdie toneelstuk op te voer, in 'n kort paragraaf. Gebruik jou ondervinding en kennis van optreeruimtes van graad 10 en 11. Motiveer jou antwoord deur na die toneelstuk wat jy bestudeer het te verwys. (6)

2.4 Kies 'n hoofkarakter uit die toneelstuk wat jy bestudeer het en skryf kort notas wat die karakter onder die volgende opskrifte beskryf:

2.4.1 Die naam van die karakter (1)

2.4.2 Fisies (4)

2.4.3 Sosiaal (4)

2.4.4 Psigologies (4)

2.4.5 Moreel (4)

2.5 Plaas die stuk binne die geskiedenis van Suid-Afrika. Verduidelik in 'n kort paragraaf in watter periode van die geskiedenis die stuk geskryf of opgevoer is, en watter aspekte van Suid-Afrikaanse geskiedenis die temas en inhoud van die stuk bepaal. (10)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C:** Kontemporêre Pan-Afrika teater **OF**
Elizabethaanse Teater **OF**
Teater van die Verre-Ooste **OF**
Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
Ekspressionistiese Teater
Beantwoord slegs die vraag oor die toneelstuk wat jy bestudeer het.

Beantwoord hierdie vraag oor die toneelstuk wat jy bestudeer het.

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKA TEATER**

Beantwoord hierdie vraag as jy ŉ 'Kontemporêre Pan-African'-toneelstuk bestudeer het.

3.1 Skryf die naam van die *Kontemporêre Pan-Afrika*-toneelstuk en die skrywer wat jy bestudeer het, neer. (2)

3.2 Verskeie akademici het al probeer om gemeenskaplike eienskappe van teater in Afrika te identifiseer. Noem VYF algemene eienskappe van *Afrika Teatervorme*. (5)

3.3 Maak die dramaturg van hierdie toneelstuk van ritueel in die teks gebruik? Motiveer jou antwoord deur na jou kennis van rituele en inheemse *Afrika-drama* asook deur na die toneelstuk in sy geheel te verwys. (10)

3.4 Beskryf die gepaste teaterruimte wat die beste gaan werk vir ŉ optrede van die toneelstuk wat jy bestudeer het. Jy kan ŉ skets maak of die ruimte beskryf, maar jy moet jou keuses motiveer deur na die teks te verwys. Verwys ook na die invloed wat die ruimte kan hê op die gehoor-akteur-verhouding. (10)

3.5 Skryf ŉ kort opstel oor die belangrikste tema in die toneelstuk en hoe die dramaturg die intrige en karakters gebruik om hierdie tema uit te lig. (10)

3.6 Dink jy *Afrika-teater* is relevant vir gehore in die *Westerse wêreld*? (3)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

Beantwoord hierdie vraag as jy ŉ Elizabethaanse Teater-toneelstuk bestudeer het.

4.1 Skryf die titel en dramaturg se naam neer van die Elizabethaanse teater-stuk wat jy bestudeer het. (2)

4.2 Beskryf ŉ tragiese held (*tragic hero*). (3)

4.3 Skryf kort notas oor die karaktertrekke van die volgende genres van Elizabethaanse Teater:

4.3.1 Historiese-toneelstukke (*History plays*) (2)

4.3.2 Tragedies (3)

4.4 Beskryf kortliks die gebruik van die middeleeuse geloof oor die vier "humors" (*humours*) deur Elizabethaanse dramaturge in hul karakterisering. Verwys na spesifieke karakters in die toneelstuk wat jy bestudeer het. (8)

4.5 4.5.1 Beskryf of teken (met byskrifte) die ontwerp van ŉ tipiese Elizabethaanse Teater. (10)

4.5.2 Hoe het hierdie ontwerp die gehoor-akteur verhouding/interaksie beïnvloed? (2)

4.6 Beskryf in ŉ kort opstel hoe die dramaturg dialoog en simboliek gebruik om die hooftema van die toneelstuk uit te lig. (10)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE

Beantwoord hierdie vraag indien jy ŉ toneelstuk van die *Teater van die Verre-Ooste* bestudeer het.

5.1 Wat is die titel en naam van die dramaturg van die toneelstuk van die *Teater van die Verre-Ooste* wat jy bestudeer het? (2)

5.2 Skryf ŉ kort paragraaf oor die struktuur en styl van die *Nō-Teater* van Japan. (5)

5.3 Beskryf die VIER tipe rolle in *Sjinese-teater*. Bespreek die ooreenkoms of verskille van hierdie karaktertipes met die karakters in die toneelstuk wat jy bestudeer het. (8)

5.4 Beskryf die verhoogontwerp en teaterruimte van die *Nō-verhoog*. Jy kan ŉ skets teken om jou beskrywing duidelik te maak. (10)

5.5 Bespreek in ŉ kort opstel die gebruik van tyd en ruimte in die toneelstuk wat jy bestudeer het. Verwys na hoe hierdie elemente bydra om die betekenis en temas van die toneelstuk uit te lig. (15)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

Beantwoord hierdie vraag as jy ŉ *Amerikaanse Teaterstuk* bestudeer het.

6.1 Noem die titel en skrywer van die *Amerikaanse Teaterstuk* wat jy bestudeer het. (2)

6.2 Skryf VYF elemente van die Amerikaanse Musiekblyspel (*American Musical*) neer. (5)

6.3 Beskryf in ŉ kort paragraaf die sosiopolitieke agtergrond van die Amerikaanse toneelstuk wat jy bestudeer het. (10)

6.4 Watter soort stel sou jy gebruik vir hierdie toneelstuk wat jy bestudeer het? Jy kan die stel beskryf of skets om jou keuses te motiveer. (10)

6.5 Beskryf in ŉ kort opstel die gebruik van *Teatrale Realisme* (*Theatrical Realism*) in die toneelstuk ten einde die psigologie van die karakters te ontbloot. Verwys na die teks om jou antwoord te motiveer. (10)

6.6 Dink jy dat *Kontemporêre Amerikaanse Teater* vir Suid-Afrikaanse gehore relevant is. Motiveer jou antwoord. (3)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag as jy ŉ *Ekspressionistiese Teaterteks* bestudeer het.

7.1 Noem die titel en skrywer van die *Ekspressionistiese Teaterteks* wat jy bestudeer het. (2)

7.2 Beskryf in ŉ kort paragraaf die gevoelens en idees van die Ekspressionistiese Beweging soos dit in Duitsland tydens die Eerste Wêreldoorlog ontwikkel het. (5)

7.3 Beskryf die gebruik van die volgende elemente in Ekspressionistiese Teater. Verwys na die toneelstuk wat jy bestudeer het om jou antwoord duidelik te maak:

7.3.1 Struktuur (7)

7.3.2 Karakters (8)

7.3.3 Temas (8)

7.4 Bespreek jou eie idees oor die gebruik en impak van sielkunde met verwysing na emosies en drome soos wat dit gebruik word in die toneelstuk wat jy bestudeer het. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

## VRAAG 8: TEATERGESKIEDENIS

Verwys na die twee bronne hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BRON A**

Grotowski het tien voorwaardes vir teater voorgestel. Die eerste voorwaarde stel voor:
'Teater gee 'n kans vir iets wat ons integrasie kan noem, die weggooi van maskers, die ontbloting van ware eerlikheid: 'n totaliteit van fisieke en verstandelike reaksies. Hierdie kans moet op 'n gedissiplineerde wyse hanteer word, met 'n deeglike bewustheid van die verantwoordelikheid wat dit behels. Hier kan ons teater se terapeutiese funksie vir mense in ons hedendaagse samelewing sien.'

**Towards a Poor Theatre (Grotowski)**

**BRON B**

'Grotowski het my baie bewus gemaak van die kragtige kreatiwiteit van die akteur – nie slegs as 'n instrument om te interpreteer nie, maar ook die akteur as oorspronklike skepper.'

**Athol Fugard oor Grotowski**

Dink na oor BRON A en BRON B en beantwoord dan die volgende vrae.

8.1 Beskryf Grotowski se idees oor die volgende teaterkonvensies volgens sy visie vir 'n '*Gestroopte Teater'*:

8.1.1 Die dramatiese teks (*script*) (3)

8.1.2 Proscenium-boogteater (2)

8.1.3 Rekwesiete (*Props*) (2)

8.1.4 Grimmering en kostuums (2)

8.2 Verduidelik in 'n kort paragraaf hoe Grotowski die verhouding tussen akteur en die gehoor gesien het. Stem jy saam met sy siening? Motiveer jou antwoord. (5)

8.3 Beskryf ten minste TWEE van Grotowski se oefeninge en verduidelik hoe gereelde beoefening daarvan jou kan help om jou fisieke werk as akteur te verbeter. Verwys na jou eie ondervinding met fisieke teaterwerk. (6)

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: PRAKTIESE WERK EN REFLEKSIE

Beantwoord SLEGS EEN van die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 9: Stemwerk **OF** VRAAG 10: Lewendige Opvoering **OF**
VRAAG 11: Rol van die regisseur **OF** VRAAG 12: Rol van die ontwerper

### VRAAG 9: STEMWERK

Lees die gedig *Diep Rivier* deur Eugene Marais en beantwoord dan die vrae wat volg.

O, Diep Rivier, O Donker Stroom
Hoe lank het ek gewag, hoe lank gedroom,
Die lem van liefde wroegend in my hart?
In jou omhelsing eindig al my smart;
Blus uit, O Diep Rivier, die vlam van haat;
Die groot verlange wat my nooit verlaat.
Ek sien van ver die glans van staal en goud,
Ek hoor die sag gedruis van waters diep en koud;
Ek hoor jou stem as fluistering in ’n droom,
Kom snel, O Diep Rivier, O Donker Stroom.

9.1 Indien jy ’n keuse het om hierdie gedig as ’n solo-optrede of as ’n groepsgedig te doen wat sou jy kies? Motiveer jou antwoord. (2)

9.2 Beskryf jou gebruik van ritme in die gedig as jy dit sou voordra. Waar sou jy stadiger of vinniger gaan? Verwys na spesifieke reëls en gee redes vir jou keuses. (4)

9.3 Watter woorde staan vir jou uit en hoekom? Hoe kan jy jou stem en gebare gebruik om hierdie woorde uit te lig? (4)

9.4 Beskryf hoe jy variasie in toonhoogte en pouses kan gebruik om atmosfeer te skep of emosie uit te druk in hierdie gedig. Gee redes vir jou keuses. (5)

9.5 Reflekteer oor jou finale praktiese eksamen deur te verwys na:

- Ontwikkeling van jou stem
- Ontwikkeling van beweging
- Ontwikkeling van geloofwaardige uitdrukking (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 10: LEWENDIGE TEATER (KEUSEVRAAG)

10.1 Beskryf die proses of metode wat jy as ŉ akteur kan gebruik om ŉ karakter vir die verhoog te skep. Jy kan na enige teaterpraktisyn verwys wat jy bestudeer het. Jy moet ook verwys na enige van jou eie ervaring as akteur in die voorbereiding en opvoer in ŉ produksie of optrede vir assessering waaraan jy deelgeneem het. (15)

10.2 Reflekteer oor jou finale praktiese eksamen deur te verwys na:

- Ontwikkeling van jou stem
- Ontwikkeling van beweging
- Ontwikkeling van geloofwaardige uitdrukking (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR (KEUSEVRAAG)

11.1 Verbeel jou jy gaan een van die stukke wat jy die jaar bestudeer het regisseer. Besluit of dit ŉ verhoogproduksie of ŉ film gaan wees en motiveer jou keuse. Beskryf in ŉ opstel die hele proses van beplanning en voorbereiding, asook jou repetisieproses met die regie van hierdie toneelstuk/film. Verwys na ŉ spesifieke toneelstuk om jou antwoord duidelik te ondersteun. (15)

11.2 Reflekteer oor jou finale praktiese eksamen deur te verwys na:

- Ontwikkeling van jou stem
- Ontwikkeling van beweging
- Ontwikkeling van geloofwaardige uitdrukking (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER (KEUSEVRAAG)

12.1 Verbeel jou jy is die ontwerper van een van die toneelstukke wat jy hierdie jaar bestudeer het. Doen ŉ volledige en gedetailleerde ontwerp (vloerplan) vir die produksie. Jou ontwerp kan vir ŉ ateljeestel vir ŉ film of ŉ stel vir ŉ verhoogproduksie wees. Skryf kort notas en byskrifte om jou keuses te motiveer en jou ontwerp duidelik te ondersteun. (15)

12.2 Reflekteer oor jou finale praktiese eksamen deur te verwys na:

- Ontwikkeling van jou stem
- Ontwikkeling van beweging
- Ontwikkeling van geloofwaardige uitdrukking (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**